Kix-pirasie GOD "STRETCH" ONS SOMS!

(Gee vir elke leier/leidster 'n jellie wurmpie.)

Hierdie klein wurmpie is gemaak van suiker en gelatien. Ons kan dit uitrek en daaraan trek tot dit 'n langer wurmpie word. Maar as ons hom te ver rek, sal hy breek.

Die Bybel vertel ons in Jesaja 64:8:

"U is ons vader, Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van u hande."

"Here, U is ons Vader. Ons is die klei, en U is die Pottebakker. U het ons almal gemaak." (Die Bybel vir Almal)

Soms moet die potterbakker die klei vat en dit uitrek om 'n nuwe vorm te kan begin maak. As hy dit nie doen nie, sal dit net 'n bol klei bly met geen waarde nie.

Kom ons kyk gou bietjie hoe ver ons so 'n wurmpie kan rek… *(Almal kry kans om te kyk hoe lank hy sy wurmpie kan rek. Gee geleentheid dat hulle meet wie se wurm die langste is.)*

Party van die wurmpies het gebreek… As ons dink aan God as die Pottebaker en aan ons as die klei, is daar een ding wat ons kan weet en onthou: God sal ons rek, maar Hy sal ons nooit breek nie.

Gee geleentheid dat die leiers vertel van 'n keer in hul lewens waar God hulle dalk al ge-"stretch" het.

Sluit af met gebed.